


Wings 4 Christ

Dit wil vir my voorkom dat ek nie die enigste een is wat vlieg nie, die tyd vlieg verseker vinniger as wat ek met my klein Cessna kan byhou! Ek het amper 100 ure in die 2 maande gevlieg. Dit is die helfte van wat die safari-ouens doen, maar meer as wat ek verwag het vir die begin. Alhoewel ek nie hier is om ure te kry nie (ek het dit in Malawi gedoen om hier te kom) help elke bietjie ondervinding.

**Mediese- en evangelie-'safaris'**

Die woord 'safari' is dalk bietjie verwarrend en mense het al vir my gevra wat is die 'safaris' wat ons doen. Veral die buitelanders verstaan dit is wanneer jy in 'n oop, gewoonlik groen, Toyota Land Cruiser deur 'n wildpark ry en soek vir die groot 5! Dit is te verstane aangesien die 'safari'-maatskappye dit so bemark. Die feit is 'safari' is die Swahili woord vir reis. So, ons gaan nie wild kyk met die dominees en dokters nie…

Ons doen verskeie sulke 'safaris' met verskillende hospitale en kerke gewoonlik een keer per maand. Ek het nou al 'n paar van hulle gedoen. Elkeen is so bietjie anders; soms vlieg ons net 'n mediese span en soms net evangeliste. Wanneer ons die twee kombineer maak ons werklik 'n fisiese en geestelike impak. My persoonlike gunsteling is die tweede dag van die Kilimatinde Safari. Ek vat vier evangeliste van Dodoma af Chidudu toe met 'n klanksisteem, 'n karbattery en natuurlik 'chai' (tee). Dan gaan haal ek die mediese-span van Kilimatinde Hospitaal.



Chidudu is eintlik maar net 'n landingstrook met 'n boom en 'n hut langsaan, maar vir daardie een dag in 'n maand is dit die mark, hospitaal en die kerk!



Chidudu-boom

**Suid-Maasaiprojek (Simanjiro Distrik)**

Ek het 'n vorige keer genoem dat ek aangestel is om hierdie projek uit die Arusha-basis te koördineer. In samewerking met die *Evangelical Lutheran Church of Tanzania* (ELCT) beoog ons om kliniek- en evangelie-'safaris' in die gebied te begin. Danksy al die gebede het ons goeie vordering gemaak tydens 'n onlangse besoek. 'n Plaaslike laaigraaf was vir drie dae beskikbaar, teen slegs die koste vir die diesel. Dit het ons instaat gestel om Lerumo te voltooi, daarsonder sou dit nie hierdie jaar moontlik gewees het nie.

**Nuwe Landingstrook**
Ons het ook die landingstrook in Orkessumet, die hoofdorp van Simanjiro, herstel sodat ons daarheen kon vlieg om die inspeksie van Lerumo te doen. Dit sal ook hier wees waar ons die ELCT-spanne vir die 'safaris' gaan optel. Die derde landingstrook, Kitwai B, was ongelukkig nie gereed vir inspeksie en 'n eerste landing nie. Oppad na die eerste landing op Lerumo het ons wel laag oor Kitwai gevlieg om die mense te motiveer, daar is nie baie werk nie en ons verwag dat dit binnekort ook gereed sal wees.









Die volgende uitdaging is nou om die papierwerk af te handel en by die lugvaartowerhede in te handig vir goedkeuring. Tans wag ons om die vorms met die nodige handtekeninge terug te kry sodat dit ingedien kan word. Ons hoop om teen Oktober ten minste met vlugte na Lerumo te begin en dan Kitwai in te sluit sodra dit gereed is. Fondse vir die maandelikse kostes vir die projek is alreeds vanaf 2011 deur MAF Nederland voorsien, maar verskeie faktore het bygedra dat ons nou eers by hierdie punt kom. Saam met die donateurs sien ons uit daarna om die projek van die grond af te sien kom.

**Nuwe MAF Embleem**
Julle sal oplet dat die MAF embleem so bietjie anders lyk. Op 15 Augustus het MAF 'n nuwe wêreldwye-embleem bekend gestel en voortaan sal MAF regoor die wêreld dieselfde kenteken gebruik.

**Ondersteuning & Kommunikasie**
Hier het die nuus nie veel verander nie, ek is nogsteeds baie dankbaar vir elkeen se unieke bydra. Dit is lekker om te hoor van kinderbedienings waar vliegtuigies ingekleur word en Sendingfeeste waar die Kerk na buite kyk. Boodskappies en *likes* op Facebook sê vir my daar word gevolg wat aan die gebeur is. Saam met al die gebede hou dit my petroltenk vol om die werk te doen.




Volg die gebeure op die Facebook groep: Wings 4 Christ en w4christ.blogspot.com. Stuur 'n e-pos na wings4christ@gmail.com om nuusbriewe elektronies te ontvang.

**Tuombe… (let's pray…)**
Prys die Here vir vordering met die Suid-Maasaiprojek. Bid vir die werk in Kitwai B en dat die landingstroke goed instand gehou sal word. Bid vir die papierwerk, al die handtekeninge en goedkeurings. Bid vir al die koninkrykswerk hier in Tanzanië, vir die bydra wat MAF hier maak om Sy woord te verkondig en om mense se lewens te verander. Bid vir goeie rentmeesterskap en besluitneming sodat die beskikbare hulpbronne ten beste toegepas word.

Bid vir beskerming oor al ons vlugte. Die weer uit Arusha, veral in die oggende, bied dikwels 'n uitdaging. Bid vir al die MAF-lede hier en wêreldwyd, dat ons Jesus se lig kan help versprei. Bid vir die mense wat ons bereik sodat hul lewens deur die liefde en genade van Jesus verander kan word.

"En ek sal my ook verder verbly, want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat julle vir my bid en die gees van Jesus Christus my bystaan." Fil.1:19

MAF Flying for Life

Kirstein Combrink
Missionary Pilot
Mission Aviation Fellowship Tanzania
Tel: +255788 621116
E-mail: kirstein.combrink@maf.or.tz
wings4christ@gmail.com
Website: http://w4christ.blogspot.com
http://www.maf.or.tz

Serving God's Kingdom through Aviation and Technology